Bib 131/91

Saak Nr 550/90

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

JABULANI SHABANGU Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, VIVIER, ARR et NICHOLAS Wn AR

VERHOOR 19 Augustus 1991

GELEWER: 27 September 1991

---

U I T S P R A A K

E M GROSSKOPF, AR

Die appellant is in die Transvaalse Oos- en Suid-Oostelike Rondgang Plaaslike Afdeling van 'n hele reeks misdade aangekla, onder meer van moord. Ek sal later in groter besonderheid nagaan wat hierdie misdade alles behels het. Op die aanklag van moord is hy skuldig bevind. Die hof (CURLEWIS R en assessore) het, ooreenkomstig die reg wat toe gegeld het, bevind dat daar geen versagtende omstandighede was nie. Die appellant is gevolglik op die moordklag ter dood veroordeel. Met verlof van die verhoorregter kom hy nou in hoër beroep teen die doodvonnis. Weens die veranderinge aangebring deur die Strafregwysigingswet no. 107 van 1990 moet ons nou opnuut besluit of die doodvonnis "die gepaste vonnis" is ingevolge artikel 277(2)(b) van die Strafproseswet, no. 51 van 1977. Volgens vorige gewysdes van hierdie hof beteken "die gepaste vonnis" die enigste gepaste vonnis.

Die reeks misdade waaraan die appellant skuldig bevind is, is almal in dieselfde omgewing gepleeg. In breë trekke toon die getuienis die volgende. Vanaf ongeveer Mei 1987 het die

appellant, as gevangene wat op parool vrygelaat is, by ene Mnr. Peyper op 'n kleinhoewe naby Witrivier gewerk. Op 7 Augustus 1987 het hy weggeloop nadat hy ingebreek het en Mnr. Peyper se pistool en sy dogter se rewolwer, asook ammunisie vir albei, gesteel het. Om ongeveer 17h30 op 7 Augustus het ene Amos Mamba en 'n vrou, Zodwa Madonsela, deur 'n suikerrietland in dieselfde omgewing geloop. Die appellant het van agter aangekom en Mamba net onder sy regter skouerblad van agter raakgeskiet. Mamba het weggehardloop. Die appellant het toe vir Zodwa Madonsela tweekeer daar verkrag. Hy wou haar daarna doodmaak, maar sy het gepleit dat sy 'n baba het. Hy het toe van sy voorneme afgesien.

Die volgende misdaad was later dieselfde aand. Joyce Khoza was die aand omtrent 20h30 in die slaapkamer van haar huis. Haar twee kinders van vyf jaar en twee jaar onderskeidelik was by haar. Die appellant het aan die deur geklop en gesê hy soek haar man, Qwabe. Sy sê hy is nie tuis nie. Die appellant sê toe hy soek R200. Sy sê sy het dit nie, en hy dreig om haar dood te maak. Sy skree, en ander mense daag op. Die appellant dreig om

hulle te skiet, en hulle hardloop weg. Joyce het toe R180 uitgehaal en deur die venster gegooi. Op een of ander stadium het die appellant twee skote van buite in die huis ingeskiet. Joyce is nie getref nie.

Op 10 Augustus 1987 was David Ndlovu by ene Ntibane se stat. Hy en Ntibane en dié se vrou en kinders het saam in die kookhuis gesit. Hy het 'n skoot buite hoor klap. Die persoon wat die skoot afgevuur het, en dis tans duidelik dat dit die appellant was, het gevra waar die eienares van die huis was. Daar is aan hom gesê dat sy nie daar was nie. Die appellant het 'n tweede skoot afgevuur. Ndlovu en sommige van die andere het uitgehardloop en gehoor dat hy Ndlovu se fiets, wat buite gestaan het, wegneem. Ntibane het nie soos die ander weggehardloop nie, maar in die deur bly staan. Die appellant skiet toe 'n derde keer en eis 'n bedrag R200. Ntibane sê dat hy nie geld het nie, en net 'n besoeker by die stat is. Die appellant het dit blykbaar aanvaar en weggeloop.

Later dieselfde aand volg die gebeure wat aanleiding

gegee het tot die moordklag. Omtrent 22h00 was Dinah Ndabezitha reeds in die bed. Sy hoor 'n geklop aan die buitedeur. Sy vra wie dit is. Die appellant sê hy is 'n polisiebeampte van Nelspruit. Hy sê sy moet oopmaak, hy soek drank. Sy sê daar is nie drank in die huis nie. Hy sê hy sal die deur oopskop, en begin dit ook doen. Hy vuur ook 'n skoot af, wat Dinah in die linkerarm tref (volgens die getuie Zulu is hierdie skoot eers later geskiet). Sy weier steeds om oop te maak. Appellant sê hy sal vir Zulu, blykbaar 'n familielid van Dinah, gaan haal.

Zulu was besig om by 'n vuur te sit en kosmaak toe die appellant by hom aankom. Die appellant het gesê dat hy 'n polisiebeampte van Nelspruit is en dat hy op soek na 'n verdagte is. Hy vra toe Zulu se metgesel, 'n ouer man, waar hy drank kan kry. Die ouer man het hom probeer afraai om drank te gaan soek, maar die appellant het 'n vuurwapen uitgehaal en vir Zulu aangesê om saam met hom te gaan. Hulle is toe saam na Dinah se huis. Daar aangekom eis hulle dat sy die deur oopmaak. Volgens Zulu is die skoot wat Dinah getref het, op hierdie tydstip afgevuur.

Dinah het die deur oopgemaak vir die appellant en Zulu. Op daardie stadium het haar man, die oorledene, uit die kamer gekom. Appellant het Zulu aangesê om vir drank te soek, maar hy het niks gekry nie. Zulu is toe weg, ten spyte daarvan dat die oorledene aan hom gesê het, "Hoe kan jy ons verlaat, want ons word doodgemaak". Nadat Zulu weg is, het die appellant 'n paar treë teruggestap, en die oorledene, wat voor hom gestaan het, in die buik geskiet. Die appellant sê toe hy soek geld. Dinah sê sy het nie geld nie. Hy sê toe "jy dink dat hierdie ammunisie wat ek hier afgevuur het is speelgoed, maar dit is R50 vir 'n skoot wat ek afgevuur het, vir elke skoot". Dinah sê sy sou gaan kyk, en keer terug met R70. Die appellant sê "Jesus, hierdie geld is baie min, hier kort nog R30". Die appellant is toe die huis in, waar hy 'n radio-kassetspeler geneem het. Hy is daarmee weg.

Die oorledene is dieselfde dag dood. Volgens die verslag van die nadoodse ondersoek was die dood veroorsaak deur 'n erge beskadiging van sy buikorgane veroorsaak deur 'n skietwond in die buik.

Die volgende insident was op 13 Augustus 1987. Ene mev. Pohl was die eienares van Louw's Creek Trading Store. Ene Fernando Mandlane het saam met haar gewerk. Ongeveer 11h00 die oggend het die appellant daar aangekom en vir Fernando gevra om horlosiebande te sien. Fernando het hom gewys wat daar was. Die appellant vra toe 'n ander soort. Die appellant is gesê om 14h00 weer te kom, wanneer daar 'n groter verskeidenheid horlosiebande sou wees. Ongeveer 15h45, toe mev. Pohl alleen was, kom die appellant weer, en vra vir die horlosieband. Sy toon hom die nuwe voorraad wat in 'n glas toonbank was. Hy wys haar watter een hy wou hê. Sy buk af om die laai oop te trek. Toe sy opkyk, kyk sy in 'n handvuurwapen vas. Die appellant vra geld. Mev. Pohl loop na die kasregister toe, en buk af om haar eie vuurwapen te kry. Op daardie oomblik skiet die appellant haar onder haar ken. Sy vuur ook 'n skoot, en hy hardloop weg.

Die laaste insident waaraan die appellant skuldig bevind is, was op 19 Augustus 1987. Ongeveer 19h00 daardie aand was Jabulani Nkosi en 'n paar ander mense by sy huis. Hy was op

pad uit, en het die appellant by die deur sien staan. Die appellant het 'n vuurwapen in sy hand gehad. Die appellant het probeer om almal in die huis te kry, maar Jabulani het weggehardloop. Die appellant het 'n skoot op hom geskiet. Jabulani het weggekom. Thandi Nkosi was nog in die huis. Die appellant het haar om geld gevra terwyl hy nog sy vuurwapen in die hand gehad het. Sy het in haar kamer gegaan, deur die venster geklim en weggehardloop. Die appellant het haar agtervolg, en 'n skoot op haar geskiet, maar dit was mis. Sy het weggekom.

Weens hierdie reeks misdade is die appellant as volg skuldig bevind en gevonnis.

1. Huisbraak met die opset om te steel en diefstal van die Peypers se wapens en ammunisie, en onwettige besit van die gemelde vuurwapens en ammunisie - 9 jaar gevangenisstraf in totaal op die verskillende klagtes wat samelopend is, sodat dit 'n effektiewe 5 jaar uitmaak.

2. Poging tot moord op Amos Mamba - 7 jaar gevangenisstraf.

3. Twee klagtes van verkragting op Zodwa Madonsela. Hierdie twee klagtes is saamgeneem en hy is gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf.

4. Roof met verswarende omstandighede op Joyce Khoza - 7 jaar gevangenisstraf.

5. Roof met verswarende omstandighede op David Ndlovu - 7 jaar gevangenisstraf.

6. Dat hy hom voorgedoen het as 'n lid van die Suid-Afrikaanse polisie teenoor Dinah Ndabezitha en Zulu - 2 jaar gevangenisstraf.

7. Moord op die oorledene, Vásco Mdluli. Doodvonnis.

8. Poging tot moord op Dinah Ndabezitha - 7 jaar gevangenisstraf

9. Roof met verswarende omstandighede op Mev. Pohl - 6 jaar gevangenisstraf

10. Poging tot moord op Mev. Pohl - 7 jaar gevangenisstraf

11. Poging tot roof met verswarende omstandighede met betrekking tot Thandi Nkosi - 6 jaar gevangenisstraf

12. Gewone aanranding op Jabulani Nkosi - 1 jaar gevangenisstraf

Al die vonnisse van gevangenisstraf is gelas om saam te loop met die 10 jaar gevangenisstraf wat opgelê is vir die verkragtings op Zodwa Madonsela.

Oor die appellant as persoon was daar min gewees voor die hof. Volgens die Akte van Beskuldiging was hy 28 jaar oud. Die verhoor het vroeg in 1989 in aanvang geneem, en 'n mens kan veronderstel dat hy ten tyde van die gebeure 26 of 27 jaar oud kon gewees het. Volgens die psigiaters wat hom ondersoek het (waarby ek later kom) was hy egter skynbaar 33 jaar oud in Maart/April 1989. Hy het vyf vorige veroordelings gehad wat strek vanaf 1975 tot 1987: 3 vir huisbraak en diefstal, een vir diefstal, en een vir roof. Die vonnisse ten opsigte waarvan hy op parool was, was waarskynlik dié opgelê in April 1987. Op 24 April is hy gevonnis to R90 of 90 dae gevangenisstraf vir

huisbraak en diefstal, en op 27 April tot dieselfde vonnis vir roof. Die langste periode van gevangenisstraf wat hom opgelê was, is 6 maande vir diefstal op 19 Augustus 1981.

By die aanvang van die verhoor is die appellant vir ondersoek ingevolge artikel 78 van die Strafproseswet gestuur. Die twee psigiaters wat hom ondersoek het, het gesertifiseer dat hy 'n anti-sosiale persoonlikheid het. Na hul mening was hy in staat om hofverrigtinge te begryp en sy verdediging na behore te voer. Met die inligting tot hul beskikking was die appellant, volgens hul mening, ten tye van die misdade in staat om die ongeoorloofdheid van sy handelinge te besef en om sy handelinge ooreenkomstig dié besef te rig. Hierdie menings word uiteengesit in die psigiaters se sertifikate. Nie een van hulle het getuig nie.

In vonnis ter versagting het die appellant gesê dat hierdie ondersoek deur die psigiaters die enigste psigiatriese ondersoek was wat hy in sy lewe gehad het, en dat hy nog nooit enige psigiatriese of sielkundige behandeling ontvang het nie.

ŉ Hof wat oorweeg of die doodvonnis die gepaste vonnis is, moet eers bepaal watter strafverswarende en strafversagtende faktore aanwesig is.

Namens die appellant is daar aangevoer dat daar verskeie strafversagtende faktore was. Eerstens is daar betoog dat daar ŉ afwesigheid van <u>dolus directus</u> aan die kant van die appellant was. Die hof <u>a quo</u> het egter afgelei dat die appellant wel die direkte opset gehad het om die oorledene te dood, en na my mening was dit ŉ geregverdige afleiding uit die feite. Dan is daar betoog dat daar geen voorafbeplanning van die moord was nie. ŉ Mens kan natuurlik nie weet presies wanneer die appellant besluit het om iemand in Dinah se huis te skiet nie. Die feit dat hy egter eers vir Dinah deur die deur geskiet het, en toe die oorledene van aangesig tot aangesig geskiet het, toon dat hy geen aanleiding nodig gehad het om sy vuurwapen te gebruik nie. Selfs al sou ŉ mens veronderstel dat hy nie lank voor die tyd besluit het om die oorledene te dood nie, sou dit myns insiens nie ŉ wesentlike strafversagtende faktor uitmaak nie.

Dan is daar verwys na die appellant se persoonlikheid, en veral die feit dat die psigiaters gediagnoseer het dat hy 'n "anti-sosiale persoonlikheid" het. Dat die appellant so 'n persoonlikheid het, blyk duidelik genoeg uit sy dade. Daar is egter niks voor ons om aan te dui dat hierdie persoonlikheid strafversagtend is, of dat dit verbeter of genees kan word deur sielkundige behandeling nie. As daar so 'n moontlikheid was, sou die psigiaters daaroor kon getuig het, maar nie een van hulle is geroep nie. Onder hierdie omstandighede is die appellant se getuienis dat hy nog nooit psigiatriese of sielkundige behandeling ontvang het nie, ook betekenisloos.

Ek meen dus nie dat die faktore genoem deur die appellant se advokaat as strafversagtend aangemerk kan word nie. Daar is egter heelwat strafverswarende faktore. Die ernstigste hiervan is die koelbloedigheid van die moord. Die appellant het na die oorledene se huis gegaan om te roof. Hy het hom sonder enige provokasie doodgeskiet. Die enigste denkbare rede, anders as pure bloedlus, was om Dinah so te intimideer dat sy geen

weerstand sou bied nie. En nadat hy die oorledene die dodelike skoot in die buik toegedien het, het hy sonder aarseling met sy roof voortgegaan.

ŉ Verdere verswarende faktor is die appellant se vorige veroordelings. Dit is egter opmerklik, en eintlik verbasend as ŉ mens die huidige reeks misdade betrag, dat hy net een veroordeling vir ŉ geweldsmisdaad het, en dit is die een vir roof op 27 April 1987. Volgens sy lys vorige veroordelings was die roof gepleeg met behulp van ŉ sambok, en het die appellant R70 kontant gesteel. Sy vonnis, soos reeds gemeld, was ŉ boete van R90, of by gebrek aan betaling, 90 dae gevangenisstraf. Dit was ŉ baie ligte vonnis, in ag genome die appellant se vorige veroordelings, en ek kan alleen veronderstel dat daar gewigtige versagtende faktore moes gewees het.

Om saam te vat: daar is wesentlike verswarende faktore hier aanwesig, sonder enige noemenswaardige versagtende faktore. Die feit dat daar geen versagtende faktore is nie, beteken egter nie noodwendig dat die doodvonnis opgelê moet word nie. ŉ Mens

moet ag slaan op al die omstandighede van die saak om te besluit, in die lig van die oogmerke van strafoplegging, of die doodvonnis die enigste gepaste straf sou wees. En dit bring my dan weer terug by die appellant as mens. Dit blyk nie dat hy voor die gebeure van Augustus 1987 'n gewelddadige bestaan gevoer het nie. As die moord 'n geïsoleerde daad was, sou 'n mens miskien die appellant as rehabiliteerbaar kon beskou het. Die feit dat hy egter binne 'n tydperk van minder as twee weke hierdie hele reeks gruwelmisdade gepleeg het, dwing 'n mens tot die gevolgtrekking nie alleen dat daar waarskynlik nie veel hoop op rehabilitasie is nie, maar ook dat die beskerming van die publiek voorrang moet geniet bo enige hoop op rehabilitasie wat daar mag wees. Ek het natuurlik nie uit die oog verloor dat die appellant apart gestraf word vir die ander misdade wat hy gepleeg het nie. Ten spyte van hierdie aparte strawwe is die hof geregtig om na die geheelbeeld van sy optrede gedurende hierdie tydperk te kyk om te probeer bepaal met watter soort mens die hof hier te doen het, en of, in sy geval, die doodvonnis die enigste gepaste straf is.

Die feit dat die publiek teen die appellant beskerm moet word, en daarby, dat andere van soortgelyke oortredings afgeskrik moet word, beteken egter nie noodwendig dat die doodstraf opgelê behoort te word nie. Albei hierdie oogmerke kan ook deur lang gevangenisstraf, of selfs lewenslange gevangenisstraf, bereik word. Die vraag is dan of die appellant se optrede so ernstig was dat slegs die doodstraf die bogemelde oogmerke asook die oogmerk van vergelding, kan bevredig. Met heelwat huiwering het ek tot die slotsom geraak dat die doodvonnis nie die enigste gepaste straf in hierdie saak is nie. Ek is veral beïnvloed deur die feit dat die appellant nie 'n geskiedenis van geweld het nie, en dat die moord gepleeg is gedurende 'n kort tydperk waarin hy blykbaar sy geestelike ewewig byster geraak het.

Die appèl slaag dus, en die doodvonnis op die moordklag (klag 11) word ter syde gestel en vervang met lewenslange gevangenisstraf.

E M GROSSKOPF, AR

VIVIER, AR
NICHOLAS, Wn AR    Stem saam